education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye,**
**'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. ‘n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.

4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag ‘n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.

7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ‘n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | AARP en Staat van Omvattende Inkomste | 55 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 35 | 30 |
| **3** | Vertolking van Finansiële State | 45 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 10 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: AARP EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
**(55 punte; 45 minute)**

### 1.1 AARP-BEGINSELS

Kies die beginsel uit die lys hieronder wat by elk van die volgende stellings pas. Skryf slegs die beginsel langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| paring; historiese koste; lopendesaak; omsigtigheid |
|---|

1.1.1 Wanneer besluite geneem word oor hoe om bates in die Staat van Finansiële Posisie te waardeer, word aanvaar dat die onderneming in die toekoms sal voortbestaan.

1.1.2 Die rekenmeester moet verseker dat bates nie oorskat word nie en laste nie onderskat word nie.

1.1.3 Inkomste en uitgawes word aangeteken wanneer dit plaasvind en nie wanneer daarvoor betaal word nie. (3 x 1) (3)

### 1.2 IVOOR KOSMETIES BPK

Die inligting hou verband met Ivoor Kosmeties Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2024. Die besigheid verkoop skoonheidsmiddels en verskaf behandelings vir hul kliënte waarvoor hulle fooie hef.

**GEVRA:**

1.2.1 **Verwys na aansuiwering (vii).**

Bereken die wins/verlies met die verkoop van vaste bate. (5)

1.2.2 Stel die Staat van Omvattende Inkomste op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (47)

**LET WEL:** Sommige syfers is reeds in die antwoordeboek vir jou ingevul.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksels: Syfers uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2024:**

| | | R |
|---|---|---|
| Vaste deposito: SOS Bank (8% p.j.) | | 450 000 |
| Aandele in Manzi Bpk. (R10 elk) | | 600 000 |
| Voertuie | | 740 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 268 000 |
| Toerusting | | 560 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 310 000 |
| Handelsvoorraad (1 Maart 2023: R450 000) | | 550 000 |
| Verbruiksgoedere voorhande op 1 Maart 2023 (Verpakkingsmateriaal) | | 15 000 |
| Verbandlening: SOS Bank (12% p.j) | | 740 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | **Dt** | 238 000 |
| Voorsiening vir oninbare skuld | | 12 000 |
| Verkope | | **?** |
| Koste van verkope | | **?** |
| Fooi-inkomste: Behandelings | | 1 620 000 |
| Behandeling uitgawes | | 330 000 |
| Salarisse en lone | | 1 030 000 |
| Direkteursfooie | | 1 100 000 |
| Ouditfooie | | 120 000 |
| Bankkoste | | 35 000 |
| Telefoon en elektrisiteit | | 48 000 |
| Huurinkomste | | 132 000 |
| Rente op vaste deposito | | 36 000 |
| Rente op verbandlening | | 84 000 |
| Herstel en onderhoud | | 110 000 |
| Verpakkingsmateriaal | | 20 000 |
| Diverse uitgawes | | [redacted] |
| Dividende van Manzi Bpk. | **Kt** | 150 000 |
| Dividende op gewone aandele | | 368 000 |

**B. Finansiële aanwyser:**

- Voorraadomsetsnelheid 3,17 keer
- Die winsopslag op goedere is 60% op kosprys

**C. Die volgende aansuiwerings is nie deur die boekhouer in ag geneem nie:**

(i) Die ouditeure is 'n verdere ⅓ verskuldig ten opsigte van hul fooie.

(ii) Die volgende inskrywings het op die Februarie-bankstaat verskyn, maar is nog nie in die boeke van die maatskappy verwerk nie:

- Bankkoste vir Februarie 2024, R1 500
- Direkte deposito deur 'n kliënt vir behandelings, R18 000 (die helfte van hierdie behandelings sal in Maart gedoen word)

(iii) Die huurinkomste is op 1 November 2023 met 5% verhoog. Die huurder het nog nie sy debietorder vanaf 1 November verhoog om die verhoging van 5% te akkommodeer nie. Hy het nog nie die huur vir Februarie 2024 betaal nie. Hy het ingestem om die volle uitstaande bedrag op 1 Maart 2024 te betaal.

(vi) Geen inskrywing is gemaak vir sekere skoonheidsmiddels wat uit voorraad geneem is vir die gebruik in behandelings aan klante nie. Die gemerkte verkoopprys was R12 000.

(v) Verbruiksgoedere voorhande bestaan uit verpakkingsmateriaal. Die boekhouer het nagelaat om die terugskrywing aan die begin van die jaar te verwerk. Verpakkingsmateriaal voorhande volgens 'n fisiese voorraadopname aan die einde van die huidige jaar is op R10 000 gewaardeer.

(vi) 'n Bedrag van R90 000 is gedurende die jaar aan Rio Bouers betaal. Dit was vir die bou van 'n stoorkamer en herstelwerk aan die plaveisel (R10 000). Die hele bedrag is verkeerdelik teen die Herstel- en instandhoudingsrekening gedebiteer.

(vii) 'n Voertuig is op krediet vir R72 000 verkoop op 31 Desember 2023. Die debiteur sal in Maart 2024 betaal. Geen inskrywings is nog gemaak om die verkoop van hierdie voertuig aan te teken nie.
Die besonderhede uit die Vastebateregister was:
- Kosprys R150 000
- Opgehoopte waardevermindering begin van die jaar R60 000
- Waardeverminderingskoers: 20% p.j. op kosprys

(viii) Maak voorsiening vir waardevermindering teen die volgende koerse:
- Voertuie teen 20% p.j. op kosprys
- Toerusting teen 10% p.j. op die verminderde-saldo-metode

**LET WEL:** Nuwe toerusting is halfpad deur die jaar vir R50 000 aangekoop. Hierdie aankope is korrek aangeteken.

(ix) Sekere skoonheidsmiddels is nie meer in aanvraag by klante nie. 'n Ooreenkoms is met 'n vlooimarkoperateur aangegaan om dit die volgende maand onder kosprys aan hom te verkoop.
Die relevante besonderhede van die voorraadregister is:
- Aantal items: 800 buise gesigsroom
- Verkoopsprys: R120 per buis
- Kosprys: R70 per buis
- Prysaanbod aan vlooimarkoperateur: R40 per buis

**D. Rente en Belasting:**
- Dividende word van Manzi Bpk ontvang vir die aandele wat Ivoor Kosmeties Bpk in daardie maatskappy besit. Hierdie dividende word in die finansiële state as rente-inkomste hanteer. ’n Verdere dividenduitbetaling van R75 000 is op 29 Februarie 2023 gemaak.
- Rente op die verbandlening word gekapitaliseer. Die rente vir Februarie 2024 is nog nie ingeskryf nie.
- Maak voorsiening vir Inkomstebelasting teen van 28% van netto inkomste.

**55**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

**(35 punte; 30 minute)**

**WILLOW BPK.**

Die inligting het betrekking op Willow Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2024. Die maatskappy is op die JSE genoteer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 5 000 000 aandele.

**GEVRA:**

2.1 **Verwys na Inligting F.**

Bereken die gemiddelde aandeelprys ten tye van die terugkoop van die aandele. (5)

2.2 Stel die Behoue Inkomste-nota by die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2024, op. (5)

2.3 Bereken die volgende bedrae vir die 2024 Kontantvloeistaat:

2.3.1 Inkomstebelasting betaal (5)

2.3.2 Veranderinge in Bedryfskapitaal (6)

2.4 Berei die kontantvloei uit Finansieringsaktiwiteite voor. (7)

2.5 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2024:

2.5.1 Dividenduitbetalingskoers (3)

2.5.2 % Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)

**LET WEL:** Die gemiddelde kapitaal aangewend is R47 562 500 (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksels uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 30 Junie:**

| | **2024 (R)** | **2023 (R)** |
|---|---|---|
| Gewone aandele kapitaal | **?** (4 650 000 aandele) | 30 000 000 (4 000 000 aandele) |
| Behoue Inkomste | 3 402 500 | 1 650 000 |
| Vaste bates (teen drawaarde) | 1 467 500 | 1 550 000 |
| Lening: Bali Bank (9% p.j.) | 12 500 000 | 12 000 000 |
| Debiteurekontrole | 8 520 000 | 7 320 000 |
| Krediteurekontrole | 12 900 000 | 14 600 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 290 000 **(Kt)** | 350 000 **(Kt)** |
| SAID (LBS) | 90 000 | 70 000 |
| Vooruitontvange inkomste | 450 000 | 300 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 2 325 000 (50c per aandeel) | 1 800 000 (45c per aandeel) |

**B. Wins**

- Die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 het aan die lig gebring dat die netto wins na belasting R5 915 000 was.
- Die maatskappybelastingkoers is 30%.

**C. Vaste bates**

- Waardevermindering op bates vir die jaar is R232 500.
- Gedurende die jaar het die maatskappy ou toerusting teen sy boekwaarde van R150 000 verkoop.

**D. Lenings en Rente**

- Rente op die lening word gekapitaliseer.
- 'n Bykomende lening van R2 000 000 is in die tweede helfte van die jaar aangegaan.
- Die totale terugbetalings vir die lening sowel as die rente het R2 625 000 vir die jaar beloop.

**E. Voorraad**

- Die beweging van voorraad het gelei tot 'n generering van kontant van R8 000 000.

**F. Aandele**

- In Januarie 2024 het die maatskappy nog 800 000 aandele vir 'n totaal van R6 720 000 verkoop.
- In Mei 2024 het die maatskappy 150 000 aandele teen R8,70 elk uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teruggekoop.

**G. Dividende**

- Alle uitstaande dividende van die vorige jaar is betaal voordat die tussentydse dividend verklaar en gedurende die jaar betaal is.

**35**

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (45 punte; 35 minute)**

3.1 **KONSEPTE**

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit KOLOM B te kies wat by die sin in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1.1 Die persentasie netto inkomste op ekwiteit dui op die ... verdien deur aandeelhouers. | A solvent |
| | B opbrengs |
| 3.1.2 'n Maatskappy wat in staat is om sy onmiddellike skuld te vereffen is ... | C risiko |
| | D winsgewend |
| 3.1.3 ‘n Maatskappy wat se totale bates die totale laste oorskry, is ... | E likied |
| 3.1.4 'n Maatskappy wat sy inkomstes en uitgawes behoorlik beheer, sal ... wees. | |
| 3.1.5 'n Maatskappy wat swaar op lenings staatmaak, is hoë ... | |

(5 x 1) (5)

3.2 **PERFECT SOLAR BPK.**

Xavier Stratton het 'n paar jaar gelede aandele in 'n sonkrag-omskakelaarmaatskappy, Perfect Solar Bpk, gekoop en hy het pas hul finansiële resultate vir die afgelope jaar ontvang. Hy is nie gelukkig met sommige van die besluite wat deur die direksie geneem is nie. Hy vra jou finansiële opinie en advies oor sommige van die aspekte van die maatskappy.

**LET WEL:** Verskaf syfers, tendense, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te staaf.

**GEVRA:**

3.2.1 **Likiditeit:**

Xavier Stratton is van mening dat die maatskappy 'n positiewe verbetering in hul likiditeitsituasie getoon het omdat die huidige verhouding aansienlik tot 5 **:** 1 toegeneem het. Verduidelik of hy korrek is of nie deur DRIE ander finansiële aanwysers, met syfers en tendense, aan te haal om jou antwoord te staaf. (9)

3.2.2 **Opbrengste, verdienste en markprys op die JSE:**

- Xavier Stratton is bekommerd oor die opbrengs op sy belegging, verdienste en dividende. Verduidelik hoekom jy nie met hom saamstem nie, haal DRIE finansiële aanwysers aan. (8)

- Xavier bevraagteken die verskil in die dividenduitbetalingskoers. Verduidelik die direkteure se besluit. (3)

- Xavier Stratton is tevrede met die huidige markprys van sy aandele. Verduidelik deur finansiële aanwysers met syfers aan te haal en identifiseer 'n faktor wat die markprys van die aandele sou beïnvloed het. (4)

3.2.3 **Risiko en hefboom:**

Verduidelik aan Xavier Stratton of die besigheid goed van hierdie lening gebruik maak of nie en of hulle dit moet terugbetaal. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou mening te staaf. (8)

3.2.4 **Besluit in die aankoop van aandele:**

Xavier Stratton het R800 000 geërf. Hy het die geleentheid gehad om 'n ekstra 40 000 aandele teen R20 per aandeel in Perfect Solar Bpk te koop toe die maatskappy nuwe aandele op 1 Desember 2023 uitgereik het. Hy het egter besluit om die geld te bestee op allerlei dinge (nie beleggings).

- Verduidelik hoekom Xavier Stratton die verkeerde besluit geneem het. Lewer kommentaar op sy % aandeelhouding en verskaf DRIE ander punte, met syfers of berekeninge. (8)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers en ander inligting:**

| **Finansiële aanwysers:** | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouers ekwiteit | 25,3% | 15,2% |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend | 37,6% | 8,6% |
| Vuurproefverhouding | 3,1 : 1 | 0,8 : 1 |
| Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn | 60 dae | 24 dae |
| Bedryfsverhouding | 5 : 1 | 1,8 : 1 |
| Skuld-ekwiteit verhouding | 0,2 : 1 | 1,5 : 1 |
| Dividende per aandeel | 275c | 190c |
| Verdienste per aandeel | 510c | 200c |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 800c | 1 500c |
| Dividenduitbetalingskoers | 53,9% | 95% |
| Voorraadhoudingstydperk | 180 dae | 39 dae |
| **Ander inligting:** | | |
| % rentekoers op lenings | 12% | 12% |
| % rentekoers op vaste deposito's | 8,9% | 8,9% |
| Markprys per aandeel op JSE op huidige jaareinde | 2 400c | 2 000c |
| Aantal aandele uitgereik deur Perfect Solar Bpk | 450 000 | 400 000 |
| Totale aantal aandele in besit van Xavier Stratton | 192 000 | 192 000 |

**45**

**VRAAG 4: KORPRORATIEWE BESTUUR (15 punte; 10 minute)**

Jy is 'n aandeelhouer van Mountain Bpk. Jy kon nie by die AJV wees nie, maar jy het ‘n berig in die koerant opgemerk wat op die volgende bladsy vertoon word.

**GEVRA:**

4.1 **Verwys na paragraaf 1.**

Waarom sal die aandeelhouers van enige maatskappy bekommerd wees oor die volhoubaarheid van die maatskappy? Verduidelik, EEN moontlike rede. (2)

4.2 **Verwys na paragraaf 2.**

- Verduidelik die ernstige aard van 'n gekwalifiseerde ouditverslag (2)
- Wat is die gevolge vir die maatskappy? (2)

4.3 **Verwys na paragraaf 3.**

Hoe beïnvloed die verkoop van 30% van die eiendom die maatskappy se volhoubaarheid? (2)

4.4 **Verwys na paragraaf 4.**

Jy het onthou dat jy verlede jaar iets in die koerant gelees het dat daar ’n hofsaak was waarin die maatskappy ’n boete van R2 000 000 opgelê is vir die wegdoening van afvalwater in die nabygeleë Moloporivier. Stem jy saam met die direkteursverslag oor hierdie aangeleentheid? Is dit ‘n belangrike of ‘n onbelangrike uitgawe? Gee EEN rede waarom jy so voel. (4)

4.5 Jy is ontevrede met die manier waarop die direkteure die maatskappy bestuur het. Gee een rede waarom die aandeelhouers blameer kan word? Gee 'n voorstel vir die toekoms. (3)

**INLIGTING:**

| **AANDEELHOUERS VAN MOUNTAIN BPK ONGELUKKIG MET DIREKTEURE** | |
|---|---|
| Paragraaf 1 | Aandeelhouers van Mountain Bpk. het hul direkteure aanspreeklik gehou vir onverstandige besluite wat die volhoubaarheid van die maatskappy bedreig. Dit het gister op die AJV van die maatskappy in Mafikeng aan die lig gekom. Die vergadering is deur 48 van die maatskappy se 3 000 aandeelhouers bygewoon. |
| Paragraaf 2 | Om by te dra tot die maatskappy se ellende, het die maatskappy 'n gekwalifiseerde ouditverslag ontvang wat verklaar dat die Staat van Finansiële Posisie verouderde handelsvoorraad insluit en dat hulle nie kommissie van R500 000 wat onder debiteure gereflekteer is, kon verifieer nie. |
| Paragraaf 3 | Aandeelhouers het die HUB daarvan beskuldig dat hy die verkoop van 30% van die maatskappy se grond en geboue magtig. "Hoewel hierdie perseel teen 'n aansienlike wins verkoop is, het die transaksie die volhoubaarheid van die maatskappy ernstig beïnvloed," het woedende aandeelhouers gesê. Daar was bewerings dat die HUB die transaksie goedgekeur het om 'n bedryfsverlies van R2 000 000 in 'n netto wins na belasting van R1 000 000 te verander. |
| Paragraaf 4 | Die direkteursverslag weerspieël dat die wins van die maatskappy selfs hoër kon gewees het as dit nie vir R1 500 000 se uitgawes was om sy afvalverwyderingseenhede te herstel nie. In hierdie verslag het die direksie opgemerk dat dit "die regte ding was om te doen en die maatskappy moet toegejuig word daarvoor." |

**15**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou